



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

VRAAG 1 BEGROTINGS**Verwys na die inligting aangaande Biker Barn (Edms) Bpk****1.1 Debiteure-invordering**

- 1.1.1 Gebruik **al** die inligting voorhande en bereken die persentasie debiteure wat Biker Barn (Edms) Bpk in dieselfde maand as die transaksie betaal om die korting vir vroeë vereffening vir Februarie 2024 te eis.

Jan: $543\,400 \times 100/95 = 572\,000/2\,860\,000 \times 100 = 20\%$ Een deel korrek

OF

Feb: $434\,720 \times 100/95 = 457\,600/2\,288\,000 \times 100 = 20\%$

- 1.1.2 Voltooi die uittreksel uit die Debiteure-invorderingskedule vir Biker Barn (Edms) Bpk deur die ontbrekende syfers gemerk A–D te bereken.

Maand	Kredietverkope R	Jan 2024 R	Feb 2024 R	Maart 2024 R
Des 2023 (werklik)	3 003 000	1 501 500	?	–
Jan 2024	2 860 000	543 400	1 430 000	A
Feb 2024	2 288 000	–	434 720	B
Mrt 2024	C	–	–	D

Berekeninge:	Bedrag
A $100\% - 20\% - 50\% - 2\% = 28\%$ $2\,860\,000 \times 28\% = 800\,800$	800 800
B $1\,430\,000 / 2\,860\,000 \times 100 = 50\%$ $2\,288\,000 \times 50\% = 1\,144\,000$	1 144 000
C $2\,288\,000 \times 100/80 = 2\,860\,000$ $2\,860\,000 \times 1,05 = 3\,003\,000 \times 80\% = 2\,402\,400$ OF $2\,288\,000 \times 1,05 = 2\,402\,400$	2 402 400
D $2\,402\,400 \times 20\%$ sien 1.1.1 $\times 0,95 = 456\,456$	456 456

1.2 Bereken die ontbrekende syfers gemerk E–I in die Kontantbegroting.

Berekeninge:	Bedrag
E $572\,000 \times 100/80$ OF Februarie-kredietverkope $2\,288\,000/4$	R715 000
F $1\,575 - 700 = 875$ $\frac{x}{1} \times \frac{10,5}{100} \times \frac{1}{12} = 875$	R100 000 een korrekte funksie
G $572\,000 \times 5 = 2\,860\,000 \times 100/160 =$ $1\,787\,500 + 1\,000 =$ $1\,788\,500 \times 0,5 \times 0,9$	R804 825
H $1\,788\,500 \times 0,5 \times 0,5$	R447 125
I $87\,000 \times 100/145$	R60 000

1.3 Die Geprojekteerde Inkomstestaats toon skenkings vir Januarie 2024 as R6 000, maar die Kontantbegroting toon 'n bedrag van R5 000. Verduidelik die verskil.

Die Geprojekteerde Inkomstestaats toon uitgawes, sluit dus skenkings van voorraad en kontant in, terwyl Kontantbegroting slegs kontantskenkings toon.

- 1.4 Die eienaar wil die huuruitgawe van R87 000 vir April 2024 en Mei 2024 tegelykertyd betaal, aangesien hy aan die einde van Mei oorsee sal wees.

Indien die finansiële jaareinde op 30 April 2024 val, verduidelik in detail vir hom hoe dit sy Kontantbegroting vir April en Mei 2024 sal beïnvloed, en hoe dit sy Geprojekteerde Inkomstestaats vir die jaar geëindig 30 April 2024 sal beïnvloed.

Effek op Kontantbegroting vir April 2024:
Twee maande se huur sal vir huur getoon word. OF afname in kontantvloei
OF $87\,000 \times 2 = 174\,000$ vir huur

Effek op Kontantbegroting vir Mei 2024:
Geen huur sal getoon word nie. OF toename in kontantvloei

Effek op Geprojekteerde Inkomstestaats vir jaar geëindig 30 April 2024:
April sal deel wees van Inkomstestaats-huuruitgawe.
Mei sal 'n vooruitbetaalde uitgawe in Staats van Finansiële Posisie hê.

- 1.5 Die oliewegdoeningsfooi van R7 500 word maandeliks betaal aan 'n diensverskaffer wat die ou motorfietsolie wat gedreineer word wanneer die motorfiets van die kliënte gediens word, versamel en op 'n verantwoordelike manier daarvan ontslae raak.

In 'n poging om bedryfskoste te besnoei, stel die bestuurder voor dat Biker Barn (Edms) Bpk dit net op 'n oop veld buite die dorp stort.

Verduidelik aan die bestuurder hoe dit die volgende aspekte van die King-kode negatief sal beïnvloed:

1.5.1 Korporatiewe bestuur

Dit is onetiese sakepraktyk/dit is verkeerd.

1.5.2 Driewinsvereiste (*triple bottom line*)

Dit is sleg vir die planeet, wat deel is van die driewinsvereiste.
OF Negatiewe publisiteit kan tot 'n daling in wins lei.

- 1.6 In Mei 2024 het die **begrote** bedrag vir lone van R850 000 tot R875 500 toegeneem. Toe dit vergelyk is met die **werklike** bedrag van R905 250 wat betaal is, is vasgestel dat die afwyking te wyte was aan die werkers se ontevredenheid met die verhoging wat hulle sou ontvang.

Verduidelik waarom die werkers se ontevredenheid geldig was. Ondersteun jou antwoord met TWEE berekeninge.

Berekeninge:
$\frac{875\,500 - 850\,000}{850\,000} \times 100 = 3\% \text{ begrote verhoging}$
$\frac{905\,250 - 850\,000}{850\,000} \times 100 = 6,5\% \text{ werklike verhoging}$
Begrote verhoging was onder inflasie. Werklike verhoging is in ooreenstemming met inflasie.

- 1.7 'n Direkte mededinger wat slegs met kontant werk, het in dieselfde gebied as Biker Barn (Edms) Bpk geopen.

Verduidelik die moontlike effek wat dit op hul motorfietsdiensfooi versus onderdele- en valhelmverkope kan hê.

Motorfietsdiens:
Behoort geen of baie klein effek te hê, aangesien Biker Barn (Edms) Bpk ook slegs met kontant werk vir motorfietsdiens.
Onderdele en valhelms:
Aangesien Biker Barn (Edms) Bpk krediet toelaat maar mededinger nie, sal dit hulle bevoordeel.

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING**Verwys na die inligting aangaande Motus Beherend Beperk (Motus).**2.1 Bereken die vuurproefverhouding vir **2022**.

$$\begin{array}{r}
 29\,126 - 18\,723 : 20\,806 \\
 10\,403 : 20\,806 \\
 0,5 : 1
 \end{array}$$

2.2 Die bedryfsverhouding het van 2021 tot 2022 toegeneem.

2.2.1 Bespreek op grond van die inligting wat beskikbaar is waarom hierdie verbetering dalk nie in belang van die maatskappy is nie.

Voorraadvlakke het toegeneem.

Kontant en kontantekwivalente het afgeneem.

Handels- en ander ontvangbare rekeninge het toegeneem.

Bedryfslaste het toegeneem.

Vuurproefverhouding het konstant gebly.

Enige 2 OF 1 goed verduidelik

2.2.2 Het die korttermynrisiko vir Motus Beherend Beperk op grond van jou bespreking in Vraag 2.2.1 toegeneem of afgeneem?

☒ Korttermynrisiko neem toe ☐ Korttermynrisiko neem af

2.3 Motus Beherend Beperk gebruik die geweegdegemiddelde-metode om die voorraad onderdele te waardeer, terwyl die spesifieke identifikasiemetode vir voertuigverkope gebruik word.

2.3.1 Verduidelik waarom elkeen van hierdie metodes in hierdie geval toepaslik is.

Geweegde gemiddelde vir onderdele:

Geen groot prysverskille nie OF hoë gehalte, lae waarde.

Spesifieke identifikasie vir voertuigverkope:

Verskillende pryse vir verskillende modelle. Elke voertuig is anders.

2.3.2 Waarom sal die gebruik van die eerste-in-eerste-uit-metode vir onderdele nie toepaslik wees vir hierdie maatskappy nie?

Produkte verval nie. Nie groot skommelings in prys nie.

2.4 Motus Beherend Beperk verhuur voertuie deur Europcar en Tempest Car Hire. In hul Staat van Finansiële Posisie lys hulle hierdie voertuie wat hulle verhuur onder Bedryfsbates, eerder as Tasbare/Niebedryfsbates.

Verskaf 'n logiese verduideliking hiervoor.

Dit word gebruik om 'n diens te lewer. Word nie deur die maatskappy as sodanig gebruik nie.

Dit genereer inkomste.

2.5 Bereken die verdienste per aandeel (VPA) vir **2022**.

$$\frac{8\,103\,000\,000}{426\,025\,000} = 1\,902 \text{ sent per aandeel}$$

2.6 Evalueer die maatskappy se dividendbeleid vir **2022**. Gebruik syfers om jou antwoord te bewys.

Van die 1 902 sent wat beskikbaar is (VPA)

is 710 sent uitgekeer (DPA), wat 37,33% is.

Maatskappy behou 62,67% van sy wins (waarskynlik vir uitbreidingsplanne).

2.7 Sal jy as aandeelhouer tevrede wees met jou belegging in hierdie maatskappy?

☐

Ja

☐

Nee

Ja: (Maksimum 3)

Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang van 25% aansienlik hoër as alternatiewe beleggings.

Maatskappy is gereed vir uitbreiding deur behoue wins.

Selfs al is dividende slegs 33% van verdienste, is dit byna dubbel dié van 2021.

Syfers kan geïgnoreer word solank feitelike redenasie akkuraat is

Nee: (Maksimum 1)

Slegs 33% van verdienste word aan aandeelhouders uitgekeer.

2.8 Bereken die opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend vir **2022**.

$$\frac{9\,238 + 495}{0,5(33\,392 + 31\,434) + (8\,088 + 6\,332)} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{9\,733}{0,5[64\,826 + 14\,420 = 79\,246]} \times \frac{100}{1}$$

$$\frac{9\,733}{39\,623} \times \frac{100}{1} = 24,56\%$$

Noemer kombinasies:

$$33\,392 + 31\,434 = 64\,826$$

$$8\,088 + 6\,332 = 14\,420$$

$$33\,392 + 8\,088 = 41\,480$$

$$31\,434 + 6\,332 = 37\,766$$

- 2.9 Motus Beherend Beperk wil hul voetspoor in Afrika uitbrei, waarvoor hulle fondse benodig.

Gebruik die inligting wat verskaf is en jou berekeninge om die volgende vrae te beantwoord:

- 2.9.1 Bespreek EEN positiewe en EEN negatiewe aspek vir die **onderneming** indien die **direkteure** besluit om meer **aandele** uit te reik om hierdie fondse te verkry.

Positiewe aspek vir die onderneming:
Geen toename in skuld of finansieringskoste (rente) nie.
Negatiewe aspek vir die onderneming:
Meer aandeelhouders aan wie dividende betaal moet word.

- 2.9.2 Bespreek EEN positiewe en EEN negatiewe aspek vir die **onderneming** indien die **direkteure** besluit om 'n **lening** aan te gaan om hierdie fondse te verkry.

Positiewe aspek vir die onderneming:
Geen bykomende aandeelhouders om tevrede te stel nie.
Lening betaal homself aangesien ROCE hoër is as rentekoers (positiewe hefboomwerking).
Negatiewe aspek vir die onderneming:
Verhoog skuld en finansieringskoste.

- 2.10 Bereken die netto batewaarde (NBW) per aandeel op **30 Junie 2022**.

$$\frac{33\,392\,000\,000}{426\,025\,000} \times \frac{100}{1}$$

= 7 838,04 sent

- 2.11 Verduidelik die verskil tussen die netto batewaarde per aandeel en die JEB-prys per aandeel.

NBW is boekwaarde/markverwante waarde (geen eksterne faktore nie).

JEB het vraag en aanbod/klandisiewaarde/wêreldwye ekonomiese faktore.

- 2.12 Verwys na die inligting wat in die Kontantvloeistaat verskaf is.

- 2.12.1 Verduidelik waarom die kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite van (R1 463) die onderneming as 'n lopende saak nie negatief sal beïnvloed nie. Verwys in jou verduideliking ook na moontlike items wat onder die opskrif in die Kontantvloeistaat aangetref sal word.

Negatiewe beleggingsaktiwiteite is gevolg van aankoop van tasbare bates of toename in finansiële belegging.

Maatskappy belê in sy toekoms.

- 2.12.2 Neem aan die **banksaldo** op 30 Junie 2022 was R740 miljoen en bereken die bankbeginsaldo op 1 Julie 2021.

$$? + 2\,733 - 1\,463 - 1\,363 = 740$$

$$\begin{aligned}\text{Beginsaldo} &= 740 + 1\,363 + 1\,463 - 2\,733 \\ &= 833\end{aligned}$$

VRAAG 3 VERSOENINGS**Verwys na die inligting aangaande Mbabane Handelaars.****DEEL A**

- 3.1 Stel die ouderdomsontleding op 30 November 2023 op soos dit op die rekeningstaat wat Mbabane Handelaars aan Swazi Winkels uitgereik het, sal verskyn. Moenie enige regstellings maak nie.

TOON ALLE BEREKENINGE.

90+ dae	60+ dae	30+ dae	Huidig
6 600 52 500 (6 435) (165) (52 500)	28 500 (3 600) (2 600) (22 300)	44 100 270 (300)	8 100
Moenie bereken nie			

- 3.2 Mbabane Handelaars bied vir klante beide handelskorting en vereffeningskorting aan. Verduidelik die rekeningkundige inskrywing vir die twee verskillende kortings.

Handelskorting
Geen inskrywing word gemaak nie/die inskrywing word gemaak teen die waarde nadat handelskorting toegestaan is.
Vereffeningskorting
Opgeteken as korting toegelaat (uitgawe).
Debiteur betaal skuld minus hierdie bedrag (kontant ontvang).

- 3.3 Die ouditeur wil faktuur 434 en kredietnota 25 in September 2023 verifieer en skakel Swazi Winkels om vir bewyse te vra.

- 3.3.1 Waarom sal die ouditeur die klant vir verifiëring skakel in plaas daarvan om na die boeke van Mbabane Handelaars te verwys?

Eksterne verifiëring wat die boeke ondersteun, is 'n ware weerspieëling.

Indien bedrog/foute aanwesig is, sal dit gouer raakgesien word.

- 3.3.2 Indien hulle geskakel het en nie bewyse vir die transaksies kon verkry nie, kan die oproep beskou word as:

	Voorkomend	X	Bespeurend		Regstellend
--	------------	---	------------	--	-------------

DEEL B

- 3.4 Versoen die staat wat van Big Bend Groothandelaars ontvang is met die rekords van Mbabane Handelaars deur die toepaslike inskrywings in die tabel hieronder te maak.

Dui 'n negatiewe bedrag aan deur hakies () te gebruik en 'n aandagstreep – vir geen inskrywing nie.

	Krediteuregrootboek	Krediteureversoening- staat
Foutiewe saldo's	R338 839	R459 159
A.		(95 600)
B. $2\,700 \times 2$		(5 400)
C.	(226 000)	(226 000)
D. $170\,600 - 107\,600$		63 000
E. $15\,300 \times 2$		(30 600)
F. $120\,000 \times 6,5\%$	(7 800)	
G.	85 400	
H. $6\,500 - 5\,600$	(900)	
I. $10\,200 \times 2$	20 400	20 400
J.		(28 660)
K. $560\,260 - 506\,620$	(53 640)	
	Moenie bereken nie	

Totaal: 100 punte